Posbus 132, Persequor Park, 0020
Tel : 012 349 1102

NUUSVRYSTELLING

(vir onmiddellike vrystelling)

MISDAADSTATISTIEKE: VEEDIEFSTAL

Die vrystelling van misdaadstatistieke deur die SAPD op 3 Maart 2017 aan die Portefeulje Komitee, is met groot geesdrif afgewag, aangesien dit die eerste keer in jare is dat misdaadstatistieke op ‘n kwartaallikse basis beskikbaar gestel word.

Die grootste uitdaging verbonde aan hierdie statistieke is die feit dat slegs jaarlikse misdaadstatistieke vir jare voorsien is. Dit beteken dat die kwartaallikse statistieke met geen ander statistieke vergelyk kan word met die oog daarop om afleidings te maak nie. Daarom gee die Nasionale Veediefstal Voorkomingsforum sy standpunt oor die saak.

In Figuur 1 kan die aantal veediefstalsake wat sedert 2011/2012 gerapporteer is gesien word. Dit is duidelik dat die aantal sake wat aangemeld is oor die jare geleidelik afgeneem het.

Figuur 1: Aantal veediefstalsake wat sedert 2011/2012 gerapporteer is



Die statistieke wat op 3 Maart 2017 aan die Portefeulje Komitee aangebied was, dui op ‘n styging van 2% vir die afgelope tri-mester. Daar is toenames in veediefstal in die Oos-Kaap en die Vrystaat provinsies met ongekende stygings in Noordwes, Mpumalanga en Gauteng. Die aantal sake in die Oos-Kaap en die Vrystaat is baie hoër as in die ander drie provinsies, dus is die omvang baie groter. Verder is dit ‘n algemene verskynsel dat die provinsies met die meeste sake aangemeld, die Oos-Kaap en KwaZulu-Natal is. Die Nasionale Veediefstal Voorkomingsforum voel dat navorsing in hierdie verband nie langer uitgestel kan word nie.

Misdaadstatistieke kan nie in ‘n vakuum beskou word nie, aangesien daar baie ander veranderlikes is wat in ag geneem moet word.

Wanneer misdaadstatistieke en spesifiek eiendomsmisdaad beskou word, is dit noodsaaklik om ‘n vergelyking te tref met die *Slagoffers van Misdaad*-opname wat jaarliks deur Stats SA vrygestel word. Die *Slagoffers van Misdaad*-opname is toevallig op 14 Februarie 2017 vrygestel. Die verskynsel dat ‘n groot aantal eiendomsmisdade nooit by die owerhede in Suid-Afrika aangemeld word nie, kan duidelik in Tabel 1 gesien word.

Tabel 1: Nie-aanmelding van veediefstal

Jaar	% Nie-aanmelding
2011	36.3
2012	40.1
2014	64.4
2015	67.7
2016	70.7

Bronne: (Stats SA 2011), (Stats SA 2012) (Stats SA 2016)

Volgens die inligting in Tabel 1 is die nie-aanmelding van veediefstalsake sedert 2011 aan die styg en is dit besig om onaanvaarbare vlakke te bereik. Die feit dat die misdade nie aangemeld word nie, is ‘n aanduiding van die feit dat die gemeenskap sy vertroue in die hele kriminele regstelsel verloor het.

Slotsom

Die huidige statistieke van die SAPD en Stats SA met ‘n styging van 3% in nie-aanmelding en ‘n 2% styging in veediefstal, onderstreep die argument van leuns, vervlakste leuns en statistieke. Die saak sal tydens die volgende vergadering van die Nasionale Veediefstal Voorkomingsforum bespreek word en daar sal na moontlike oplossings gekyk word.

- ooo O ooo -

NAVRAE

Mnr Willie Clack
Voorsitter
Nasionale Veediefstal Voorkomingsforum
Sel : 082 574 2653

Mnr Gerhard Schutte
Hoof-uitvoerende Beampte
Nasionale Rooivleis Produsente Org.
Sel : 082 556 7296